Maandag
Mat. 3: 13 – 17, 28: 19,20; 1 Kor. 11: 23 – 29. Teks 1 Korintiërs 11: 28 "Maar laat elkeen homself ondersoek, en daarvolgens die brood eet en uit die beker drink."
Tema Christus verseker ons met die doop en Nagmaal ons is met Hom verenig.
Die doop en die Nagmaal is die Here se tekens, niemand anders s'n nie. Hy het die tekens self ingestel, Hy gee aan die tekens hulle bedoeling en Hy gebruik dit vandag. Met die doop en Nagmaal bevestig Hy dat ons met Hom verenig is. Ons jongmense wat openbare belydenis van geloof in die erediens aflê, staan tussen hulle doop en die Nagmaal. Hulle geloofsbelydenis gaan oor die doop waarmee hulle gedoop is en die Nagmaal wat hulle gaan gebruik. In hulle openbare geloofsbelydenis kan ons elkeen weer die betekenis van ons eie doop en Nagmaalsgebruik ontdek. Voor die koms van Jesus as die Messias, die Christus, was daar nie iets soos die doop in die Naam van die Vader, en die Seun en die Heilige Gees nie, en daar was ook nie iets soos die Nagmaal nie. Daar was Johannes se doop, maar dit was nie die doop in die Naam van die Vader, Seun en Gees nie. Daar was die Pasga van die Jode as teken van die uittog, die verlossing uit Egipte, maar dit is nie die Nagmaal nie. Die eerste teken wat die Here sy teken oor Homself maak, was die doop van Johannes. Dit is wat Jesus met Johannes se doop maak: Hy maak dit sý doop, sý teken oor Homself. Dit wys duidelik in Johannes se weiering om Jesus te doop. Johannes doop verbondsmense wat hulle van hul sonde bekeer om só gereed te wees vir die koms van die Christus en só wag vir die Christus. Soos Johannes gedoop het, mag hy Jesus nie gedoop het nie want Jesus kon nie tot bekering gekom het van sonde nie. Hy het geen sondes gehad nie en Hy was die Christus wat gekom het. Hy kon nie gereed wees vir koms van die Christus nie. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus

Dinsdag
Mat. 3: 13 – 17, 28: 19,20; 1 Kor. 11: 23 – 29. Teks 1 Korintiërs 11: 28 "Maar laat elkeen homself ondersoek, en daarvolgens die brood eet en uit die beker drink."
Tema Christus verseker ons met die doop en Nagmaal ons is met Hom verenig.
Jesus beveel Johannes om Hom te doop. Só maak Jesus Johannes se doop – sý doop! Jesus maak dit sy teken dat Hy die Christus is wat alle geregtigheid vir sondaars vervul.( Mat. 3: 15) Jesus laat Homself as sondaar vir sondaars doop! Met sy doop met water word Hy die Christus in die plek van sondaars die sondaar wat al hulle sondes, sý sondes maak. Met sy doop bevestig Jesus Hy is ingedoop in sondaars se sondes. Dit is hierdie betekenis wat die Here Jesus aan sy eie doop met water gee, wat Hy as die verhoogde Christus met alle mag in Matteus dan die doop van sy kerk maak: die doop in die Naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees. Die doop met water waar Hy as die geliefde Seun van die Vader openbaar is en as die Seun wat die Heilige Gees ontvang en uitstort deur die wyse waarop Hy sondaar vir sondaars word. Die doop waarmee die Here ons as sy kerk laat doop, is presies dieselfde doop waarmee Hy gedoop is. In sy doop bevestig Hy dat Hy is die sondaar vir ons sondes in ons plek en met ons doop bevestig die Here dat ons is nou die heiliges in sy plek wat heilig was en gestraf is. Met ons doop bevestig die Here dat ons deel in alles wat Hy op Hom in sy doop met water op Hom geneem het vir ons: in sy doop het Hy ons veroordeling, ons vervloeking, ons straf en verwerping op Hom geneem deur sy lyding, kruisiging, dood en verlatenheid deur God. (Rom. 6: 3,4) Jesus se doop met water en ons doop met water in die Naam van die Vader, Seun en Heilige Gees, is dieselfde doop. Sy doop bevestig hoe hy die Christus is - Hy is ingedoop in ons sonde, ons sonde is sy sondes, en ons doop

met water bevestig hoe ons Christene is - ons is ingedoop in Christus se heiligheid en regverdigheid as mens, dit is ons s'n. Jesus en ons doop is só dieselfde: dit bevestig – Ons s'n is Syne en Syne is ons s'n. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus

Woensdag
Mat. 3: 13 – 17, 28: 19,20; 1 Kor. 11: 23 – 29. Teks 1 Korintiërs 11: 28 "Maar laat elkeen homself ondersoek, en daarvolgens die brood eet en uit die beker drink." Tema Christus verseker ons met die doop en Nagmaal ons is met Hom verenig. Jesus se doop deur Johannes kan nooit 'n bekeringsdoop wees nie! Jesus kon nie tot bekering gekom het nie want Hy is die Regverdige. Hy het nooit enige sondes gedoen nie. Ons doop met water in die Naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees kan ook nooit 'n bekeringsdoop wees nie. Dit kan nooit 'n teken wees wat wys dat ek tot bekering gekom het en wat ek gedoen het toe ek tot bekering gekom het nie. Want as ons doop met water so 'n bekeringsdoop sou wees, dan is ons doop nie meer dieselfde doop as die doop van die Here Jesus nie. Dan het ek my eie doop opgemaak en ingestel as 'n ander soort doop as die doop van die Here wat ook ons doop is. Dan wys my doop met water wat met my gebeur het toe ek tot bekering gekom het terwyl Jesus se doop met water nie 'n bekeringsdoop is nie. Die Here en ons het dieselfde doop: sy doop wys myne is syne en my doop wys Syne is myne. Ons en die Here kan nie saam 'n bekeringsdoop deel nie. In die Nagmaal word deur die Woord van die Here in 1 Kor. 11:28 'n eis gestel aan elkeen wat die Nagmaal gebruik – hulle moet die liggaam van die Here onderskei in die brood wat hulle eet en die wyn wat hulle drink. Die liggaam van die Here wat hulle in die brood en wyn moet onderskei is die liggaam van Jesus as lewende mens vandag in die hemel. Jesus Christus het liggaamlik, met 'n liggaam van vleis en bloed uit die dood opgestaan en só opgevaar na die hemel. (Luk. 24: 39) Dit is die liggaam van die Here in die hemel wat ons moet kan eien wanneer ons die tekens van die Nagmaal gebruik: die brood eet en die wyn drink. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus

Donderdag
Mat. 3: 13 – 17, 28: 19,20; 1 Kor. 11: 23 – 29. Teks 1 Korintiërs 11: 28 "Maar laat elkeen homself ondersoek, en daarvolgens die brood eet en uit die beker drink." Tema Christus verseker ons met die doop en Nagmaal ons is met Hom verenig. Ons moet die liggaam van die Here onderskeid in die brood en wyn! Die brood wys wie is voor God gebreek en wie het God gebreek. Die gebreekte brood wys dat Christus is as mens gebreek deur die veroordeling van ons sondes, die straf vir ons sondes, die vervloeking, verlatene en verwerping van ons vir ons sondes. In die gebreekte brood moet ons onderskei dat ons sondes in Christus se sondes en Hy is gebreek vir ons sondes. Die wyn wys wie het en hoe is Christus uitgegiet. Hy en sy lewe is uitgegiet onder die toorn, die woede, die grimmigheid, haat en afkeur van God vir sondaars. In die wyn moet ons onderskei dat my sondes is Sy sondes. Dit is hoe ons die liggaam van die Here onderskei in die brood wat ons eet en die wyn wat ons drink: syne is myne en myne is Syne. Hy is my sondes voor God en ek is sy heiligheid as mens voor God. Ek is heilig – heel binne die liefde van God, nie gebreek of uitgegiet nie. Die enigste wyse waarop ons die Nagmaal onderskeidend kan gebruik is met hierdie geloof in my vereniging met Jesus as lewende mens in die hemel: syne is myne en myne is Syne. Só gee Christus vir ons die brood en wyn as tekens! So eet en drink ons die brood en wyn as tekens! Jongmense bely so hulle

geloof om deel van die gebruik van die Nagmaal van die Here te word: “Ek en Jesus het dieselfde doop – Syne is myne en myne is Syne. Ek wil die Nagmaal onderskeidend gebruik met hierdie geloof in my hart – Syne is myne en myne is Syne. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus

Vrydag
Mat. 3: 13 – 17, 28: 19,20; 1 Kor. 11: 23 – 29. Teks 1 Korintiërs 11: 28 “Maar laat elkeen homself ondersoek, en daarvolgens die brood eet en uit die beker drink.” Tema Christus verseker ons met die doop en Nagmaal ons is met Hom verenig. Ons mag nooit met die Nagmaal ’n oordeel oor onsself eet en drink nie! Hierdie is nie ’n dreigement dat as jy iets verkeerds in die Nagmaal doen, God jou gaan veroordeel nie. Dit is ’n waarskuwing oor wat jy nie met jouself mag doen nie: jy mag nie nie die Nagmaal só gebruik dat jy oor jouself ’n oordeel eet en drink nie. Dit beteken jy mag nie van die teken van God se liefde en genade ’n teken maak van God se oordeel nie. Dit doen christelike kerke vandag deur net soos met die doop van die Nagmaal ’n teken van hulle bekering te maak. Só maak hulle die Nagmaal ’n teken van wat jy met jouself moet doen wanneer jy tot bekering kom: jy moet met jouself doen wat Jesus met Homself gedoen het. In die Nagmaal word Jesus die voorbeeld van wat jy met jouself moet doen voor jy die Nagmaal kan gebruik: “Ek kla my self aan en veroordeel myself soos Jesus aangekla en veroordeel was; Ek het myself, my eie-ek, my eie lewe en eie besittings gekruisig, dood gemaak en myself niks gemaak soos Jesus gekruisig was, gesterf het en Homself niks gemaak het nie. Ek het God in my lewe ingenooi, koning gemaak sodat God deur my kan leef en uitgebeeld word soos God deur Jesus geleef en uitgebeeld was.” Só word die Nagmaal die teken dat ek in my bekering met myself gedoen het wat Jesus met Homself gedoen het: die Nagmaal wys dat ek my lewe, hart en beheer aan God opgeoffer het. Só maak hulle van die Nagmaal ’n teken van selfhaat en selfveroordeling. Ons eet en drink nie met die Nagmaal só ’n oordeel oor onsself nie. Ons gebruik dit waardig en met onderskeiding: Syne is myne en myne is Syne. Ons ontvang en gebruik dit as teken dat ons in Christus heel vir God se liefde is. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus